
GROEIGROEP RIGLYNE



Die laaste week

Deur: Sebastiaan van Dyk



DIE BELANGRIKSTE WEEK OP DIE CHRISTEN KALENDER

Ons het Sondag PALMSONDAG (Jesus se intog) gevier tydens die erediens en hierdie hele week is ons op pad na Jesus se kruisiging en opstanding toe. In hierdie riglyne gaan ons self of as groepe op weg wees saam met Jesus tot Woensdag toe.

Donderdag 18:30 (Aandnagmal - erediens)

Vrydag 09:00 (Wydingsdiens)

Sondag 06:00 (Vroë-oggend Paasdiens saam met ander kerke)

Sondag 09:00 (Opstanding-Sondag viering in die erediens)

Ons kyk na Dinsdag se gebeure vandag...

Dinsdag

Tekste: Markus 11:20 - 13:37

Dinsdag is die langste dag i.t.v. verse in Markus se vertelling en daarom kan ons net 'n baie kort voëlvlug hieroor doen. Byna twee-derdes van Dinsdag gaan oor konflik met die tempel outoriteite en hulle venote. Die oorblywende een-derde waarsku van die vernietiging van die tempel in Jerusalem en die koms van die Seun van God in die nabye toekoms.

Die dag begin met 'n terugblik op die vyeboom van Maandag en maak die raam (A2) klaar, did is tot in sy wortels verdor en dood. Die vyeboom simboliseer Jerusalem en die tempel.

Op Dinsdag in die eerste gesprek word Jesus se outoriteit getoets (11:27-33). Jesus vra die tempel outoriteite eers 'n vraag terug oor Johannes die dooper en op 'n briljante manier is hulle vas. Jesus hoef hulle nie te antwoord wat hulle Hom gevra het nie.

In die tweede gesprek kla Jesus hulle aan deur 'n gelykenis wat hulle eers dink is niks ernstig nie tot hulle agterkom die gelykenis is op hulle gerig. Hulle los maar weer vir Jesus want hulle is bang vir die skare. Belangrik om te weet dat die wingerd Israel (ek en jy) simboliseer, dit behoort aan die eienaar (God) nie die huurders (tempel outoriteite) nie.

In die derde gesprek (12:13-17) probeer 'n paar fariseers hom vasstrap oor die betaling van belasting aan die keiser. Jesus sê "gee aan die Keiser wat aan die Keiser behoort en aan God wat aan hom behoort". Die mense van daardie tyd het hierdie belasting gehaat, dit was swaar en moeilik om dit te betaal, dit het natuurlik ook die mag wat Rome oor die Jode gehad het erg beklemtoon, so hierdie vraag is baie mooi uitgewerk wat hulle aan Jesus vra. As Jesus net ja of nee antwoord is hy in die moeilikheid of by die Jode of by die Romeine. Dalk wou

hulle Jesus los kry van die skare en hom alleen laat staan sonder die skare sou hulle hom verwerp. Jesus is weereens briljant. As die fariseers 'n muntstuk van die Keiser voorsien, kan die hele skare sien hulle het dit en in hierdie oomblik draai die tafels en hulle word gediskrediteer. Hoekom? In die Joodse tuisland was daar twee tipes munte. Een tipe wat deur Joodse wette geen graverings van mense of diere op gehad het nie. Die tweede tipe wat graverings opgehad het (insluitend die Keiser). Baie Jode sou nooit hierdie laasgenoemde munte gebruik of dra by hulle nie, maar Jesus se ondervraers het so 'n munt wat die Keiser op het en hom beskryf as die Seun van God op die munt. Net daar is hulle ontbloot as deel van die politieke sameswering. So selfs nog voor die bekende woorde wat Jesus uiter vernietig Jesus klaar die fariseers bloot omdat hulle so 'n muntstuk het. Maar dis nie al nie, "gee aan God wat aan God behoort" bring eintlik nou die vraag na vore: Wat behoort aan God? Almal daar sou verstaan het dat "alles behoort aan God" dit impliseer niks behoort aan die Keiser nie! **In jou eie lewe wil Jesus vandag vir jou vra: Wat behoort aan God?**

Die vierde gesprek gaan oor lewe en die dood en lewe na die dood (12:18-27) en sonder om in enige detail in te gaan, gaan die koninkryk van God vir Jesus nie primêr oor die dooies nie, maar oor die lewendes, nie primêr oor die hiernamels nie, maar oor die lewe in hierdie wêreld. **Is jou Christenskap primêr oor waarheen jy gaan as jy sterf of primêr oor dit wat jy nou uitleef?**

Vyfdens word Jesus gevra watter gebod die belangrikste is (12:28-34)? In hierdie storie val die klem op die skrifgeleerde wat die vraag vra. Jesus is eintlik baie vriendelik met hierdie skrifgeleerde en stel dan laastens aan hom in woorde wat afstand en nabyheid inhou. Jesus sê: "Jy is nie vêr van die koninkryk van God af nie". Hy is inderdaad nie vêr van dit af nie want hy ken die hart van die koninkryk van God, maar hy is steeds nie in dit nie. Om in dit te wees beteken meer as net die hart ken. Dit beteken om dit te leef. **Ken jy of leef jy die hart van die koninkryk van God?**

Hierna daag Jesus die fariseers en skrifgeleerdes uit oor hulle leringe en praktyke (12:35-44). Hierdie stuk is baie krities teenoor die rykes. Dit kan op twee maniere verstaan word. Eerstens, dui dit op die diep toewyding van hierdie weduwee wat alles gee wat sy het teenoor die vrygewigheid van die rykes, dus, alles vs. 'n stukkie vrygewigheid. Tweedens, kan dit verstaan word as 'n veroordeling hoe die sisteem die armes forseer om elke laaste stukkie wat hulle het te gee om die tempel te onderhou. Dit veroordeel die sisteem wat haar forseer om dit te doen. In beide gevalle is hierdie teks baie krities teenoor die rykes. **Ons wat in die top 5% van die wêreld leef, hoe lyk ons gee?**

Laastens maak Jesus die gordyn so bietjie oop (13:5-37). Jesus is by jou, met jou, in jou en jy sal ewig by hom wees nou en vir altyd. Dinsdag was 'n lang dag. Teen hierdie tyd is dit aand op die Olyfberg. Donkerte is op pad, 'n donkerte wat dieper sal word soos die week aangaan. Soos die donkerte neerdaal, beveel Markus ons: "Wees waaksaam, wees wakker!, Kyk!".
